15 Januarie 1967
Jaargang 2
Prys: Vyf Sent


By die Poswese as Nuusblad geregistreer

Die Beeld

Die Suid-Afrikaanse Beeld met Nuus-Beeld, Sport-Beeld en Foto-Beeld

Nasionale Sondagblad





SÓ het die motor gelyk waarin 'n Indiër-sakeman van Kaapstad gisteroggend 'n afgryslike dood gesterf het. Die swaar gewapende betonbalk van 32 ton het bo-op die brug losgeraak en die motor met bestuurder en al in die middel feitlik gelyk met die grond geval.

V. d. Merwe nog kaptein

2 NUWES IN

Spesiale uitgawe:

HOFBEVEL TEEN DIE BEELD

DIE BEELD was vanoggend vroeg verplig om sy hoofberig op die voorblad weg te laat nadat 'n dringende hofbevel teen Die Beeld toegestaan was.

In Bloemfontein het regter J. N. C. de Villiers vanoggend vroeg in sy huis 'n dringende aansoek toegestaan dat Die Beeld die betrokke berig nie mag versprei nie.

In opdrag van die polisie is die berig uitgesny uit eksemplare van die eerste uitgawe wat reeds vir verkoop versprei was.

Met die oog daarop is hierdie spesiale uitgawe opgestel wat om tegniese redes dus nie so volledig is as die oorspronklike nie.

Vyand glip in — vir laaste keer

Deur Ons Politieke Beriggewer

EEN van Suid-Afrika se ergste vyande in Brittanje het vandeesweek onverwags 'n besoek van 24 uur aan Suid-Afrika gebring. Dit was sy eerste besoek. Nou is die masjinerie aan die loop om te sorg dat dit ook sy laaste was.

Humphrey Berkeley, 'n onder-erevoorsitter van die giftige Anti-Apartheid Movement, is Maandag verbied om sy voete in Rhodesië te sit. Toe het hy besluit om dan 'n draai in Suid-Afrika te maak.

Die Anti-Apartheid Movement maak daarop aanspraak dat dit sy propaganda en organisasie was wat onder meer Suid-Afrika uit die Statebond gekry het, gesorg het vir die gedeeltelike boikot van Suid-Afrikaanse goedere in sekere Europese lande en ons uit die Olimpiese Spele laat gaan het.



MNR. BERKELEY in 'n Johannesburgse straat afgeneem.

hulle eers aansoek moet doen om 'n visum. Maar daar is geen plan om sulke visums wel toe te staan wat gemaak het dat hy daar nie toegelaat word nie), hoe hy Suid-Afrika sou beskryf.

REËN (VIR PARTY)

ONDANKS GOEIE REËN wat vandeesweek landwyd uitgesak het, bly 'n paar gebiede droog en is daar vir hulle geen vooruitsigte vir reën in die nabye toekoms nie.

In die gebied noord van die Soutpansberge in Transvaal bly dit droog en geen berigte van reën is vandeesweek uit die gebiede Messina en Louis Trichardt ontvang nie.

In die Prieska-Griekwastadgebied bly dit so droog dat boere hul vee steeds met mielies moet voer om hulle aan die lewe te hou.

Die gebied naby Oos-Londen en verder na die binneland het min of geen reën gehad nie. By Adelaide het in die afgelope drie dae 'n halfduim reën geval, maar dit is glad nie genoeg om die droogte te verlig nie. Die distrik verkeer in een van die knellendste droogtes in jare. Riviere het opgehou loop en gras en plante lê verskroei. Volgens berekening sal die dorp se watervoorraad nog net sewe weke hou as dit nie goed reën nie.

Sterkstroom, Mortimer, Middelburg, Molteno, Jamestown, Dordrecht, Patterson, King William's Town, Cathcart, Fort Beaufort en Graaff-Reinet is ander Oos-Kaapse distrikte wat te min reën gekry het om die droogte te breek.

REKORDS

In ander dele van die land praat die boere nou al van rekord-oeste. Hoop vlam ook op dat die Vaaldam nou vinnig voller sal word. Van Vrydag tot gisteroggend, toe die laaste lesing van die watervlak ge-